

Maandag 8 April

**Skrifgedeelte: Psalm 78:18-37
(1933/53-vertaling)**

Fokusgedeelte: Psalm 78:19

'n Tafel in die woestyn?

Dis darem die toppunt van onvergenoegdheid en ongeloof (Ps. 78:22) wanneer Israel en – weliswaar in ander omstandighede en ander, miskien meer materialistiese, tye – ook jy en ek die lewende God wat ons verlos het uit die slawerny van Egipte (*dié* beeld van doodsbande en van opperste wêreldsheid) *verwyf* dat Hy nie vir ons 'n tafel gelaai met Egiptiese genietinge *in die woestyn* berei nie.

En om dan nog uittartend en onbeskaamd te vra of Hy, dié ryke God, wêrklik ons materialistiese, grypsugtige begeertes na die swaargelaaide brasserye van die wêreld (Egipte) nie alleen *nie wil nie*, maar ook *nie kán* bevredig nie! “*Sou God 'n tafel kón dek in die woestyn?*” Een enkele gereg (manna) sou immers nie hulle (die Israeliete) luste bevredig nie, “daar moes 'n groot verskeidenheid opgedis word – om na hulle sin te wees” (Calvyn).

Verbeel jou! Dis mos om skromelik te misken dat jy op God se “arendsvlerke” (Eks. 19:4) na hierdie woestyn gedra is. Na jou en my *woestynty* toe dra God ons mos ook só, nie waar nie? Kom ons wees dankbaar vir die “volop padkos” (Ps. 78:25) wat Hy ons dáár gee ... Hy wil ons juis stroop van die “volgestoptheid” met die geestelike “gemorskos” van vandag se “Egipte”.

Hy wil ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges, deur die Heilige Gees, honger maak na die *hemelse Brood* wat wáre lewe gee, Christus – daagliks! Christus ís ons hemelse Bruidegom. Hy wil ons (soos Israel destyds) as sy bruidskerk weer “die hof maak” en ... vir jou en my vandag “mooi dinge” deur die Heilige Gees en die Woord sê (Hos. 2:13). Besef jy? “*God dors daarna om na gedors te word*” (Augustinus).

Sing: Psalm 63-1:1

Dr. PP Kruger (Paul) (Emeritus)